



CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

CLF Webtuiste en Toepassing (App) kry nuwe baadjies

Die dae toe dit genoeg was om net 'n webtuiste te hê is lankal verby. Gebruikers is deesdae meer vaardig en kieskeurig, met al die inligting wat beskikbaar is. Baie handelsmerke en besighede kompeteer vir hul aandag. Daarom is dit noodsaaklik dat CLF ook ons webtuiste op datum hou en op die hoogte bly van ontwerptendense, tegnologiese vooruitgang en algoritmes vir soekenjins (as u SEO verstaan).

Waarom is dit nodig?

Verouderde temas en tegnologieë beïnvloed ons besoekers se ervaring op die webtuiste. "Old school is cool", geld nie vir funksionaliteit nie. Die internet- en digitale wêreld verander en ontwikkel voortdurend. Webstandaarde verander elke jaar, wat nuwe gereedskap en tegnologieë vir die bou van 'n goeie webtuiste afdwing. CLF se potensieële ondersteuners en kliënte se voorkeure en smaak verander selfs vinniger. Wat gister nuwerwets was, is nie môre nie.

CLF wil daarom seker maak dat ons webtuiste op datum bly ten opsigte van voorkoms, funksionaliteit, sekuriteit, laaispoed en hoe dit op verskillende toestelle reageer.

"Mobile Friendly" (selfoonvriendelik)

Nuwe tendense en tegnologiese kodes stel 'n webtuiste ook in staat om vinnig en mooi op enige toestel aan te pas. Dit is veral duidelik hoe foto's/beelde op verskillende toestelle vertoon. Hierdie tendense en kodes laat jou ook toe om sekere bladsye vir mobiele toestelle te versteek, vir vinniger laaispoed en 'n aangename gebruikerservaring.

Integrasie tussen die webtuiste en toepassing is noodsaaklik

Die platform waarop CLF se nuwe webtuiste ontwikkel word, maak integrasie tussen die CLF-toepassing en webtuiste nou moontlik. 'n Verouderde webtuiste kan dalk nie tred hou met al die nuwe programme, "plug-ins" en integrasies wat daar beskikbaar is nie. CLF se ondersteuners/webtuiste-besoekers sal nou inligting of produkte direk uit die Toepassing kan deel op enige sosiale media en met ander. Pamflette of boeke wat op die Toepassing gelaai is, sal deur die besoeker eintlik op die webtuisteplatform gesien en gelees word. Dit stel die persoon in staat om pamflette of produkte direk vanaf CLF se kommersiële platform - ons webtuiste - te bestel, maar meer nog, om toegang te hê tot ons nuutste publikasies, spesiale aanbiedings, verwante produkte en dies meer.

Ons webtuiste:

- CLF se webtuiste is ons kommersiële platform - koop boeke of bestel ons gratis pamflette aanlyn! Enige tyd, enige plek en op enige toestel!
- CLF se webtuiste stel jou in staat om betrokke te raak om mense en kinders se lewe te verander. Lees meer oor ons missie en IMPAK!
- CLF se webtuiste rus jou as predikant / gemeente toe, met relevante aflaaibare hulpbronne en gebedsgidse.

Ons Toep (App):

- Laai die nuwe CLF-toepassing af om jou bron van Christelike inspirasie, oordenking en nuus te wees! Luister nou saam met jou kinders na Bybelstories, enige tyd, enige plek!
- Lees nou ons lewensveranderende pamflette op die CLF App, in die palm van jou hand - enige tyd en enige plek. Jou hulpmiddel om jou eie IMPAK in die wêreld te maak.
- CLF se pamflette kan nou vanuit ons nuwe toepassing met enige iemand op verskeie sosiale platforme gedeel word.

Waarvoor wag jy? Besoek vandag nog CLF se nuwe webtuiste by www.clf.co.za en laai die nuwe CLF-toepassing (App of Toep) af op die "Google Playstore" of "App store".